AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 3
GRAAD 11
MEI 2019

PUNTE: 100 **TYD: 2½ UUR**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Transaksioneel x 2	(25)

2. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	ongeveer 80 minute
AFDELING B:	ongeveer 35 minute x 2= 70 minute

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin ELKE afdeling op ‘n nuwe bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf ‘n opstel van 350 tot 400 woorde.
Skryf die nommer en die titel / opskrif van jou opstel neer.

1.1 Onregverdigheid lei tot groot hartseer. [50]

1.2 Die reuke en klanke laat my terugdink aan… [50]

1.3 *Die aarde is besig om te rebelleer!* [50]

1.4

. [50]

1.5 Kyk jy net teen die skerm vas of sien jy meer? [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf ‘n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel.
Skryf die nommer en jou eie titel neer.

1.6.1

1.6.2

1.6.3

[Bron: Google Images.]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180-200 woorde oor elk. Skryf die nommer en die vraag se opskrif bo aan neer.

2.1 **CV EN DEKBRIEF**

Petra Verster stel belang in die pos wat in Die WITBANKNUUS van 23 Februarie 2019 geadverteer word.
Sy voldoen aan die al die vereistes vir die pos.
Haar CV is reeds saamgestel. Jy word gevra om die gepaardgaande DEKBRIEF te skryf**.** **[25]**

Advertensie in die WITBANKNUUS
Pos beskikbaar:
DUBBEL JOLYT in Witbank het 'n pos vir winkelassistent, wat klante met keuses vir partytjies en bykomstighede moet help, beskikbaar.
Vereistes:

- Goeie menseverhoudinge
- Noukeurigheid
- Goeie spanwerk
- Rekenaargeletterd
- Kreatief
- Eerlik en stiptelik

Belangstellendes kan hulle CV en dekbrief na die volgende adres stuur :
Posbus 118
Witbank
1035
Sluitingsdatum is 3 Junie 2019 om 12:00 stiptelik.

Curriculum Vitae
PETRA JACOBA VERSTER
Adelstraat 10
Tasbetpark
Witbank
1035

Selfoon: 06125551445

WERKSONDERVINDING:
Werk van Januarie 2018 tot Desember as kelner by Saveways Steers.

SKOOLOPLEIDING:
Hoërskool Patriot, Witbank 2013- 2017
Vakke: Afrikaans HT
Engels EAT
Kuns
Besigheidstudies
Rekenaartoepassingstegnologie
Gasvryheidstudie
Wiskundige Geletterdheid
Lewensoriëntering

REFERENTE:
Mnr. Craig (Skoolhoof) 0863692123
Me Du Plessis(Eienaar Steers) 084748495

2.2 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy is Ant Sweetie van Droomdelwers. Jy is die enigste een wat vir Leendra van Helberg in die tronk skryf.
Skryf vir haar 'n GESELSBRIEF waarin jy haar alles vertel wat rondom die Soutmyn gebeur.

[25]

2.3 **FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Julle Graad 11-groep het planne om ‘n optog deur die dorp se strate te hou om mense van die aarde se lot bewus te maak. Die optog gaan uit vlotte en groepe mense bestaan, wat dalk verkeersreëlings gaan bemoeilik en het dus die munisipale bestuurder se goedkeuring nodig.

Skryf ‘n FORMELE BRIEF aan die munisipale bestuurder waarin julle die planne verduidelik en goedkeuring daarvoor vra.

[25]

2.4 **KOERANTBERIG**

Skryf ‘n KOERANTBERIG met die opskrif:

STAAT GEE ALLES: Die ligte sal bly brand!

[25]

2.5 **ONDERHOUD**

Jy het die geleentheid om met Ed Sheeran, internasionale sangsensasie, ‘n ONDERHOUD te voer na sy optrede in die FNB-stadion vir die Skoolkoerant.

Skryf die ONDERHOUD na afloop van die gesprek neer. **[25]**

2.6 **TOESPRAAK**

As graad 11-leerder word jy gevra om die nuwe graad 8-ouers in te lig teen die gebruik om aanlyntoesprake vir hulle kinders te koop.

Skryf ‘n TOESPRAAK waarin jy hulle ernstig hierteen waarsku! **[25]**

Totaal Afdeling B: 50
GROOTTOTAAL: 100